# Ek wil WANDEL in U waarheid !

**Maandag 31 Januarie 2022**

## Ps 86:11,15

"Leer my u pad, Here, **ek wil wandel in u waarheid**; leer my U met toewyding dien."

Dawid is in nood, ons weet nie watse nood nie, maar hy wend hom tot die Here. Daarom smeek hy soos 'n hulpelose mens voor God vir genade en hy gee telkemale 'n rede.

- Luister tog na my Here.
- Verhoor tog my gebed.
  *Rede* …want ek is hulpeloos en arm.
- Beskerm my.
- Red my.
  *Rede*…want ek is u troue dienaar, U is my God, ek vertrou op U.
- Wees my genadig Here.
- Maak my bly Here.
  *Rede*…want ek hunker na U.

En dan lees ons in vers 11…."Ek wil wandel in U waarheid."

Die tyd waarin ons leef is baie ingewikkeld en kompleks.

- Die politieke arena is deurmekaar met selfs die regerende party wat onderling verskil.
- Die ekonomiese arena is deurmekaar met die rommelstatus waarin ons land is.
- Die morele arena is deurmekaar met die sedelose verval.
- Die geordende kerkverbande is deurmekaar met krimpende kerk-lidmaat-getalle, dolerende kerke, ens.
  - Waar is ons op pad heen?
  - Wat gaan word van ons?
  - Wat gaan word van die kerk?

Maar dan lees on in hierdie Klaagpsalm dat Dawid presies weet wat hy moet doen….

Dawid wend hom in 'n ernstige gebed tot die Here.
Hy roep en smeek om hulp.
Maar hy vra spesifiekin vers 11 dat die Here hom die pad moet leer van God, want hy wil wandel woon en werk en slaap en speel in die waarheid van God.
Hy wil God met toewyding dien.

Hoe kan ek wandel in die waarheid!
Jesus Christus het Homself geopenbaar as die Weg, die Waarheid en die Lewe in Joh 14:6.

Om te WANDEL in die Waarheid beteken dus om te lewe soos wat God in sy Woord van ons verwag, maar in en deur Jesus Christus.
Jesus Christus wat die Waarheid is, is die Weg.
Jesus Christus het vir ons die volmaakte pad voorberei, want Hy wat sonder sonde was, het aan die kruis vir ons betaal sodat ons ten volle verlos van ons sondes voor God kan wandel, kan loop, kan lewe.

Deur die uitstorting van die Heilige Gees het ons die krag en genade ontvang om in vertroue op God te leef. Ons moet ten volle op God vertrou. Ons moet ten volle bid vir sy genade. Dan sal ons kan wandel in sy weë, vanwee Sy genade. Want ons lees in vers 15…."U, Here, is 'n barmhartige en genadige God, lankmoedig, vol liefde en trou." Ps 86:16

*Ds Gerrit Kruger: Gereformeerde Kerk Centurion: Sel 082 964 5595: gskruger1@gmail.com*